Mediaverklaring: Onthoofding van 21 Koptiese Christene

Dit is met skok, hartseer en afgryse wat kennis geneem is van die onthoofding van 21 Koptiese Christene deur ISIS militante.

Ons gebede en medelye gaan vandag na hulle naasbestaandes en geliefdes uit.

Hierdie gebeure was ’n wrede herinnering daaraan dat die vervolging van gelowiges regoor die wêreld steeds ’n daaglikse werklikheid is.

Ons sal ons graag daarvoor beywer dat alle gelowiges wêreldwyd in vryheid en sonder vrees hul geloof kan uitleef.

Intussen kan ons nie anders nie as om ons besonderse medelye en ondersteuning aan ons mede-Christen broers en susters te beloof. Wanneer een lid van die liggaam ly, ly die hele liggaam.

Hierdie is vir ons ’n donker dag, maar dit sal nie ons geloof laat wankel nie.

Braam Hanekom
namens Die moderatuur NG Kerk Wes-en-Suid-Kaapland Sinode

Navrae: 083 302 8639

17 Februarie 2015